

# VL stig unieke ondersteuningsnetwerk vir landbouers

Die volgende berig is ontvang vanaf die Vrystaat Landbou aangaande 'n nuwe en unieke ondersteuningsnetwerk vir landbouers in die Vrystaat. Dit is volgens Gerhard Kriel, Hoof Uitvoerende Beampte van Vrystaat Landbou (VL), die doel van die stigting van Vriende van Vrystaat Landbou. VL wil daarmee die publiek, wat nie noodwendig direk by landbou betrokke is nie, bewus maak van die omstandighede waarin landbouers werk en 'n netwerk vestig waardeur geld en kundigheid tot die organisasie se ledenetwerk beskikbaar kan raak. Dit word

dan tot voordeel van landbouers gebruik en om hulle, onder meer in krisistye, by te staan. “Ons uiteindelijke doel hiermee is om Vriende van Vrystaat Landbou uit te brei na 'n nasionale inisiatief, naamlik Vriende van Landbou, sodat alle landbouers in Suid-Afrika hierby kan baat vind,” sê Kriel. “Ons het reeds met ander organisasies in georganiseerde landbou samesprekings gevoer. Vrystaat Landbou sal 'n leidende rol speel om ander te help om soortgelyke inisiatiewe van die grond af te kry om lede in ander provinsies tot voordeel te wees of te ondersteun.” Een van Vriende

van Vrystaat Landbou se eerste groot vriende is die OppieStoep-storieverteller Andries Vermeulen. Hy is dié inisiatief se amptelike ambassadeur en sal help om dit landwyd uit te brei. Volgens Vermeulen is hy bevoorreg om daarby betrokke te wees en sal dit ook verder oor Suid-Afrika uitgebrei word as Vriende van Landbou. “Ek is deel van iets ongelooflik. Dit is een van die beter inisiatiewe waarby ek al betrokke was,” sê hy. Hy moedig almal aan om pro-aktief deel te word daarvan en “saam met ons te beweeg.” Kriel sê die idee is om 'n produktiewe en sinvolle wyse hande te vat om mense bewus te maak van die belangrikheid van die landbousektor, aangesien almal minstens drie keer per dag tydens etes 'n landbouer nodig het. Dit alles vorm deel van VL se algehele visie van die bevordering van 'n veilige en volhoubare landbou-omgewing in belang van landbou in die Vrystaat. “Dieetkosse van gesondheidsliefhebbers, burgers en chips van wegneemetes én formele disse op ons tafels het almal ontstaan uit die hand van 'n hardwerkende landbouer,” sê Kriel. “Ons wil deur Vriende van Vrystaat Landbou die publiek meer bewus maak van die omstandighede waarin

kos geproduseer word.” Die ondersteuning en hulp wat deur Vriende van Vrystaat Landbou verkry word, sal landbouers onder meer bystaan met kwessies soos plaasveiligheid, grondsake, asook die stigting van 'n rampfonds vir hulp tydens krisistye soos brande, droogtes en vloede.

• Deel van die inisiatief, is die bekendstelling van 'n veiligheidstoepassing met die naam Die Plaaswag. Die toepassing of toep, waarvan VL 'n vennoot is, werk met 'n panieknoppie en sal landbouers en die publiek se veiligheid verbeter. Dit het ook ten doel om akkurate misdaadstatistieke te versamel waarmee VL leiding kan neem in die bekamping van misdaad in die Vrystaat. Besoek [www.dieplaaswag.co.za](http://www.dieplaaswag.co.za) vir meer inligting en om die toepassing af te laai.

Hoe word jy 'n vriend?

Daar is verskeie maniere om deel van Vriende van Vrystaat Landbou te word. Besoek [www.vlvriende.org](http://www.vlvriende.org) en teken in op ons nuusbrief. Teken in op 'n debietorder en skenk soos jou hart sê. Of stuur 'n e-pos na [vriend@vlvriende.org](mailto:vriend@vlvriende.org) of skakel Vrystaat Landbou se kantore by 051 444 4609.

## Paaie in Heilbron in 'n haaglike toestand



Die paaie van Heilbron is in 'n haaglike toestand. As jy kies vir die een slag, dan tref jy die ander een. Inwoners van Heilbron doen nou self wat hulle kan. Op die foto bo is Johan Bosman, Daniël en Hannes van Tonder besig om grond in die slaggate in te gooi. As elke Heilbronner na al die reën net die slaggate voor hul eie huise kan toe gooi, sal die strate alreeds baie beter lyk. Vee somer die sand of grond wat uitgespoel het terug in die gat – dit is beter as wat jou motor elke slag die stamp moet vat.



Gerhard Kriel (links), Hoof Uitvoerende Beampte van Vrystaat Landbou (VL), Andries Vermeulen, amptelike ambassadeur van Vriende van Vrystaat Landbou, Francois Wilken, President van VL, en Tommie Esterhuys, Vise-president van VL.

## Suksesvolle Revack SAVM stoet veiling aanebied

Gerrie Muller van die welbekende Revack SAVM stoet het op Dinsdag 27 Maart 2018 sy 13de produksie-veiling aangebied op sy plaas Revack in die Frankfort distrik. Daar was 190 top SAVM skape aangebied.

Die duurste ram van die dag was verkoop vir R17 000 aan Kobus Hattingh van Frankfort. 'n Totaal van 26 geregistreerde ramme was aangebied en al 26 ramme was verkoop teen 'n gemiddeld van R9 326. Die duurste geregistreerde stoet ooi is verkoop

vir R7 500 aan mnr Ben Geldenhuys van Krugersdorp. Die gemiddeld van al die stoet ooië was R6 416 gewees.

Die hoogste prys van R5 600 is betaalbaar vir 'n groep dragtige kommersiële ooië, die koper was mnr Kobus van Zyl van Kocksvlei. Die gemiddeld op al die dragtige ooië was R5 400.

'n 100% verkoopsyfer is die dag van die veiling behaal. Die veiling is aangebied deur BKB Louwid Frankfort, en Jan Mostert het as afslaer opgetree.



Op die foto vl: Wentzel Vorster (BKB Louwid), Gerrie Muller (Eienaar), Jan Mostert (Afslaer). Voor: Danie De Wet (BKB) koop namens Kobus Hattingh.

## VF Plus hof toe met Ngwathe Munisipaliteit

'n Hofaansoek deur die Vryheidsfront Plus waarin gevra word dat 'n vergadering van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, wat die dorpe Parys, Heilbron, Koppies, Edenville en Vrededorp bedien, wat gehou was op 5 Oktober 2017 ongeldig verklaar word en die besluite wat daartydens geneem was ter syde gestel word, is Woensdag op die munisipaliteit beteken.

Volgens VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe, 'n Heilbronse prokureur en mede-applikant in die saak, het die bring van die aansoek gekulmineer uit maandelange frustrasie weens die Speaker, Komiteevoorsitters en die munisipale bestuurder se volgehoue versuim om wetlike bepalings en reëls wat betrekking het op die belê van vergaderings en die tydigte verskaffing van inligting oor sake wat op die agendas moet dien na te kom.

Tydens die gewraakte vergadering, wat nie met voldoende kennisgewing soos wat die munisipaliteit se staande reëls vereis belê was nie, was besluite geneem om miljoene rande se onreëlmatige-, ongemagtigde-, verkwise- en vrugtelose uitgawes asook bates sonder meer af te skryf.

“Alhoewel die Munisipale Finansieswet uitdruklik bepaal dat sulke uitgawes slegs deur die Raad afgeskryf kan word nadat 'n komitee van die raad dit deeglik ondersoek het en ook aanbeveel het of iemand daarvoor verantwoordelik gehou kan of moet word of nie, en niteenstaande ernstige besware teen die voorgestelde proses deur o.a. myself, het

die Speaker nogtans voortgegaan met die “onwettige” vergadering” sê Raadslid van der Merwe. “Selfs nadat al drie opposisie partye in die Raad, die VF Plus, DA en EFF, geweier het om die vergadering by te woon en deel te neem aan die “onwettigheid”, was daar steeds voldoende ANC Raadslede aanwesig om 'n kworum te vorm en is 'n groot aantal uitgawes wat wetlik eers ondersoek moet word, sondermeer gekondoneer.”

“Ek is oortuig dat daar inderdaad tussen die vrugtelose uitgawes uitgawes was wat minstens grof nalatiglik, indien nie met opset nie, aangegaan was waarvoor amptenare waarskynlik verantwoordelik gehou sou kan word indien 'n behoorlike ondersoek daarna wel plaasvind soos wat die Wet vereis” voeg hy by.

Daar word lank reeds op enorme skaal deur amptenare gebruik gemaak van sogenaamde “spesiale vergaderings” van die Raad om sake wat eintlik op gewone vergaderings tuis behoort op slegs 48 uur kennisgewing voor die Raad te bring. “Meermale beslaan die agendas vir sulke vergaderings letterlik honderde bladsye wat dit bykans onmoontlik maak om dit deeglik te bestudeer binne die beskikbare tyd en kan ongerymdhede so deur die net val sonder dat dit raakgesien word – veral ook wanneer gepoog word om verdagte uitgawes vinnig gekondoneer te kry soos wat by die gewraakte vergadering gebeur het.”

Die munisipaliteit moet binne 15 dae op die aansoek reageer.